Camp Discovery
(Pty) Ltd Game Reserve
Leadership, Sport and Adventure Academy

Company Reg. No. 2002/019899/07
VAT Reg. No. 4660228208

P.O. Box 11328
Hatfield
0028

Tel: 012 722 0072
Fax: 012 722 0073
Email: info@campdiscovery.co.za

Geagte Sagtebal Organiseerder,

SAGTEBALKLINIEKE VIR LAERSKOLE BY CAMP DISCOVERY

MEER OOR CAMP DISCOVERY

Camp Discovery is 'n 270-hektaar wildreservaat 60km noord van Pretoria in die Dinokengbewaringsgebied. `n Verskeidenheid wild-, voël- en boomspesies kom hier voor in 'n tipiese bosveldhabitat. Gereelde wildbesigtigingsritte is deel van die program. 'n Verskeidenheid van wild soos elande, kameelperde, swartwitpense, bastergemsbokke, gemsbokke, waterbokke, rooihartebeeste, koedoes, swart en gewone rooibokke, blou en gouewildebeeste, springbokke, rietbokke, bosbokke, zebras, njalas, duikers, steenbokkies en vlakvarke word gereeld gesien.

Ons terrein en fasiliteerders is van uitstekende gehalte. Aktiwiteite wat waarde toevoeg tot die program is onder andere fietsritte, boogskiet, hindernisbane en ons uitstekende spyskaart!

MEER OOR DIE AFRIGTERS

Francois Steyn is 'n Sagtebalafrigter wat spesialiseer in kruik (pitching). Hy is al vir 30 jaar 'n afrigter op provinsiale vlak. Francois was deel van die Suid-Afrikaanse Sagtebalspan wat deelgeneem het aan die 2017 Sagtebal Wêreldkampioenskappe in Whitehorse, Kanada. Hy is huidiglik die afrigter van verskeie S.A. spelers. Hierdie spelers sluit in: Madelein Bester, Marianke van der Merwer, Elri Human, Shane Luyt, Carlien Coetzer en Jackie van Wyk.

Paul Prinsloo is die huidige Suid-Afrikaanse Senior Dames Hoofafrigter. Hy spesialiseer in veldwerk en tegniese spel van sagtebal.

Paul Whitfield is die voormalige Suid-Afrikaanse Senior Mans Spanbestuurder en assistent afrigter. Hy is een van die beste kolfafrigters in S.A. en spesialiseer in die tegniese spel van sagtebal.

Jono Ware is 'n spesialis vanger en het provinsiale sagtebal gespeel vir 6 jaar. Hy is 'n provinsiale afrigter op skole vlak.

Directors: WL van Deventer (Chairman), VD Mazibuko, JA Haasbroek

Camp Discovery is landswyd bekend vir ons suksevolle sporttoernooie en is trots om hierdie span afrigters aan boord te hê vir ons Sagtebalklinieke!

DATUMS

Kliniek 1	o/10 – o/13	17 – 19 Junie 2022
Kliniek 2	o/10 – o/13	28 – 30 Junie 2022

WAT DIE NAWEEK BIED

Vir die spelers:

- Goed georganiseerde aandprogram
- Wildrit en spanbou aktiwiteite
- 5 gebalanseerde maaltye ingesluit
- Akkommodasie in netjiese slaapsale en skoon ablusies

Vir die afrigters:

- Netjiese chalets en kamers (bring net eie handdoeke)
- Goed opgeleide fasiliteerders om na u spanne om te sien
- 'n Wildrit

KOSTE

- Kliniek koste – **R1 580.00 per speler**
- 1 afrigter gratis per span van 11 spelers
- Addisionele afrigters: Gebruik akkommodasie in die omgewing. (Camp Discovery kan u voorsien van 'n lys van akkommodasie in die omgewing.)
  (Alle aktiwiteite is ingesluit by die prys.)

<u>BESPREKINGS</u>

- 'n Deposito van R1 000-00 per span is betaalbaar om julle plek te verseker. (Gebruik u skool se naam & "Sagtebal" as verwysing.)
- Stuur asseblief **so gou moontlik** die besprekingsvorm terug!

WAT OM SAAM TE BRING

Spelers:

- Eie beddegoed
- Eie eetgerei
- Sagtebal toerusting en klere

Afrigters:

- Handdoeke
- Noodhulpsak vir die span

Camp Discovery Groete,

Mark Webster
Bemarkingsbestuurder
Sell: 082 456 7170
E-pos: mark@campdiscovery.co.za

Vir besprekings en navrae, kontak vir **Natasha** by **012 722 0072** of **info@campdiscovery.co.za**.

Besoek gerus ook ons webtuiste by **www.campdiscovery.co.za**

BANKBESONDERHEDE
FNB HATFIELD
REK NR: 6210 1822 668
TAKKODE: 25 21 45

Camp Discovery
Sagtebal vir Laerskole
Besprekingsvorm
2022

Naam van skool: _____

Tel: _____ Faks: _____

Organiseerder: _____ Sel: _____

E-pos: _____

☐ Kliniek 1 17 – 19 Junie 2022 ☐ Seuns ☐ Dogters

☐ Kliniek 2 28 – 30 Junie 2022 ☐ Seuns ☐ Dogters

Ouderdomsgroepe	**Aantal spanne per ouderdoms-groep**	**Aantal spelers per span**	**Aantal afrigters**	**Deposito R1000 per span**	**Totale bedrag per skool**
o/10					
o/11					
o/12					
o/13					

☐ **R1 000 deposito betaal**
☐ **Betalingsbewys aangeheg**
☐ **Onderneem om totale bedrag verskuldig 21 dae voor die aanvang van kliniek te betaal**

Epos asb die besprekingsvorm na info@campdiscovery.co.za of faks dit na 012 722 0073 / 086 516 7634

Hoof (Naam): _____ Handtekening:_____

Datum:_____